

Sondag 20 Mei (Pinkster)

Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-15

Fokusgedeelte: Jakobus 1:12

Ons liefde vir God motiveer ons om in beproevinge te volhard en volhardend versoeking te weerstaan!

Pynlike dinge, so het ons reeds uit die eerste verse van Jakobus se brief geleer, gebeur en God het sy hand daaragter en sy doel daarmee. Hy gebruik dit om ons só te oefen dat ons die piek van ware geloof mag bereik. Daardie piek word deur volharding bereik.

Daar staan egter nie in ons fokusvers dat die oorwinningsprys belowe is aan dié wat volhard nie. Daar staan wel dat dit belowe word aan dié wat God liefhet! Wie God liefhet, sal deur al die pynlike dinge wat na hulle kant toe kom, volhard, want die liefde vir God is die sterkste dryfveer om deur beproewinge – en versoeking – te volhard. Wie deur die liefde vir God gemotiveer word om deur beproewinge en versoeking heen te volhard, ont-vang die lewenskroon: die ewige lewe in gemeenskap met die lewende Here.

Daar is ook die donker kant. Wanneer beproewinge versoeking word en die liefde vir God my nie motiveer om in die toets te volhard nie, en my sondige begeertes in die volryp vrug van die sonde uitswel, is die uiteinde die dood.

Mag die liefde van God wat in Jesus Christus geopenbaar is, en waaraan die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is jou deel laat kry, jou motiveer om in beproewinge en versoeking te volhard in die goeie. Mag jy dan die heerlike, glansende, onverganklike oorwinningskrans van die lewe in gemeenskap met God tot in ewigheid as genadeloon ontvang!

Sing: Skrifberyming 15-3:4 (melodie Ps. 100)

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)